SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 24 APRIL 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die nuus vandag:

STEM VIR DIE 2022 SARL AJV MOSIES

DIE 2022 SARL AJV GISTER 23 APRIL GEHOU

en

KLUB EN KOMPETISIE NUUS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

STEM VIR DIE 2022 SARL AJV MOSIES

Die elektroniese stemming vir die 2022 SARL AJV-mosies sal om 00:01 SAT op Maandag 25 April open en om 23:59 SAT op Woensdag 4 Mei 2022 sluit. Daar is ses mosies om voor te stem, wat begin met Mosie 2. Mosie 1 was die elektroniese stem vir die 2021 Finansiële Jaarstate. Besoek www.sarl.org.za/Web3/ElectronicVoting/Default.aspx om te stem. Jy moet op die blokkie "Ek bevestig dat ek die Mosies hierbo gelys gelees en ten volle verstaan" klik en dan met jou roepsein en wagwoord aanteken. Die stem opsies is "Ja" of "Nee" of "Weerhou." Volg die instruksies op die stem bladsy en dien jou stem in. Jy sal 'n e-pos ontvang wat bevestig dat jy gestem het.

Die mosies is

Mosie 2022-02. Ontvang die voorgestelde begroting vir die jaar wat op 30 Junie 2023 eindig.

Mosie 2022-03. Om die voorgestelde ledegelde vir die jaar 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 te ontvang en te bekragtig

Mosie 2022-04 Om C J L Du Plessis Ing (Praktyk No 902388) weer aan te stel as Ouditeure vir 2022/2023.

Mosie 2022-05 Die skema om terug te gee aan klubs

Mosie 2022-06 Voorgestelde wysiging van die Grondwet en Reëls van die SARL

DIE ITU VIER 2022 WÊRELD AMATEUR RADIO DAG

Ter erkenning van Wêreld Amateur Radio Dag wat op 18 April gehou is, het die Internasionale Telekommunikasie-unie (ITU) artikels en sosiale-media plasings gepubliseer wat verskeie fasette van amateur radio uitlig. Dit is 'n ITU Nuus-onderhoud met Philipp Springer, DK6SP, voorsitter van die IARU Streek 1-Jeug Werkgroep en die artikel "Hoe om 'n radio amateur in die digitale era te word," deur Nick Sinanis, SV3SJ ITU-Studiegroep adviseur en hoof van die ITU-radiostasie, 4U1ITU. Philipp Springer verskyn ook in 'n ITU-video op YouTube. In sy artikel het Nick Sinanis verduidelik dat "ITU 'n sleutelrol in amateur radio speel deur toesig te hou oor die standaardisering en regulatoriese prosesse van die radio kommunikasie-sektor (ITU-R), met spesiale klem op die nut daarvan in noodkommunikasie."

DIE SARL AJV IS GISTER SATERDAG 23 APRIL GEHOU

Die 2022 SARL AJV is gister om 10:00 SAT Saterdag 23 April geopen deur Nico, ZS6QL die President van die SARL. Die AJV kon gehou word met 252 registrasies en volmagte wat teen die begin van die vergadering ontvang is. Die notule van die 2021 SARL AJV is goedgekeur waarna Nico, ZS6QL die Presidents-verslag vir die afgelope jaar aangebied het. Chris, ZS6GM het die Finansiële verslag aangebied. Die verskillende mosies is bespreek en die nuwe Raad vir 2022/2023 is aangewys.

Nico, ZS6QL het gesels oor die IARU Streek 1 Vorm die Toekoms-program en Dave, ZS2DH het 'n oorsig gegee van die werk wat gedoen word op die nuus SARL-webwerf. Dennis, ZS4BS het die SARL-toekennings en -trofeë vir 2021 aangekondig. Die vergadering het om 12:55 gesluit. Die 2022 SARL Jaarverslag kan van die voorblad van die Liga-webwerf afgelaai word.

KOM OP DIE LUG VIR WÊRELD AMATEUR RADIO DAG

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het, insluitend die Klubs! Onthou om jou log na secretary@sarl.org.za te stuur. Die Sertifikate sal vanaf volgende week uitgereik word, die Sekretaris is besig met die SARL AJV dokumente.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

KLUB NUUS

Wat gebeur vandag? Jy moet die Klipriviersberg Natuurreservaat (ZSFF-019 vir Fauna en Flora) besoek, waar jy kan deelneem aan voetslaan, voëlkyk, fotografie, kuier saam met vriende, familie en mede-amateurs en belangrikste, die volgende Sandton Jakkals-jag en 'n bietjie buitelug radio pret. Ons ontmoet by die hoofingang kompleks oorkant Peggy Veraweg 129, Kiblerpark om 09:45

SAT vir 'n Jakkals-jag-inligtingsessie en sal die jag saam om 10:00 SAT begin. Toegang tot die reservaat is gratis. Daar is veilige parkeerplek beskikbaar en jy kan piekniek hou in die reservaat of by die ingang, waar jy ook toiletgeriewe en piekniekplekke sal kry. Braai word by die ingangskompleks toegelaat.

Kom ons vra jou nou 'n vraag. Het jy 'n Radiokamer? Dan moet jy Woensdagaand by die Tegniese Praatjie aansluit, waar ons spesiale gas, Leon Uys, ZR6N gaan vertel van vinnige en maklike manier om geraas in jou hok te verminder en 'n paar manier wat jy nie moet doen nie. Sluit aan by die praatjie om 19:00 SAT op Woensdag 27 April op die 145,700 herhaler of via Echolink op ZS6STN-R. Almal is welkom.

KOMPETISIE NUUS

Die tweede been van die SARL Saterdag 40 m-Klub kompetisie sal van 14:00 tot 15:00 UTC op Saterdag 30 April plaasvind met GG, foon en RTD aktiwiteit. Die uitruiling is 'n RS-, RST- of RSQ-verslag, jou Klub naam en jou 4-karakter ruitvierkant. Jy verdien drie punte vir 'n GG en RTD QSO en twee punte vir 'n telefoon QSO. Dan verdien jy twee punte vir elke nuwe ruitvierkant wat gewerk word en een punt vir elke nuwe Klub wat gewerk word. Dien jou log teen 21:59 UTC op Donderdag 5 Mei in by contest@sarl.org.za. Lees die definisie van 'n enkele operateur stasie in die Algemene Reëls in die 2022 Blou Boek.

Nege logstate is ontvang vir die SARL Herfs QRP-kompetisie.

1ste Johannes van Zijl, ZS4DZ – 144 punte

2de die Wes-Rand ARK, ZS6WR -132 punte

3de Anthony Williams, ZS6WT – 126 punte

Twintig logstate is ontvang vir die SARL 80 Meter QSO-partytjie wat op Donderdag 7 April 2022 gehou is. Die bande was redelik, behalwe vir die oostelike deel van KwaZulu-Natal. Die uitslae is vertraag weens die oorstromings in KZN, wat groot skade aan die elektriese toevoer na groot dele van die gebied aangerig het.

1ste Romeo Nardini, ZS6ARQ en Chris Avenant, ZS6CPA – 350 punte

3de Gerhard Coetzee, ZS3TG - 320 punte

4de Keith Barker, ZS6HI - 280 punte

Uit die logstate wat ontvang is, is bepaal dat 31 amateurs aan die eerste Streeks FT4-kompetisie deelgeneem het. Negentien logstate is ingedien wat 702 QSOs bevat.

1ste Jerry, 9J2BS – 234 punte

2de Johan, ZS6JBZ - 208 punte

3de Dan, Z21ML - 196 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Tans is daar ses sonvlekke met eenvoudige tot gevorderde magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n hoë waarskynlikheid vir die voorkoms van C- en M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 76 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

25 April – Marconi dag

27 April – Vryheidsdag, Samuel Morse dag en die Sandton Tegniese Uur

30 April – die SARL 40 m Klub kompetisie en die einde van SAMOC April woord soek

1 Mei – Werkers Dag

2 Mei – Openbare vakansiedag; Eid – al Fitr en die ZS SOTA Aktiwiteits dag

5 Mei – die sluitingsdatum vir Woord Soek en Klub kompetisie logstate

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die elektroniese stemming vir die 2022 SARL AJV-mosies sal om 00:01 SAT op Maandag 25 April open en om 23:59 SAT op Woensdag 4 Mei 2022 sluit. Daar is ses mosies om voor te stem, wat begin met Mosie 2. Besoek www.sarl.org.za/Web3/ElectronicVoting/Default.aspx om te stem.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS2B, geredigeer deur Johan de Bruin, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week wat voorlê.